BEUKES TOERE

Program: Klein-Karoo

8 – 11 April 2022

Dag 1: Vertrek vanaf **Durbanville** met oplaaipunte in **Paarl** en **Somerset Wes**. Eerste oornagpunt; die oulike dorp **Montagu**. Ons besoek die **droeë vrugte** plaasstal en geniet **wynproe** by een van die pragtige wynplase in die omgewing.

Dag 2: Geniet 'n opwindende **trekker-en-wa-rit** in die pragtige **Koo en Keisie Vallei** tot bo-op die **Langeberge**. Na lekker potjiekos vir middagete, ry ons na **Oudtshoorn** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan in die pragtige Schoemanshoekgebied.

Dag 3: Na ontbyt by die gewilde wildsplaas; **Buffelsdrift**, besoek ons die wěreldbekende **Kango Grotte**. Een van die gewilde **volstruisplase** kom daarna ook aan die beurt. Vanaand **braai** ons gesellig saam onder die Afrikasterrehemel

Dag 4: Vanoggend ry ons oor die koning van bergpasse in Suid Afrika, nl. die **Swartbergpas** na **Prins Albert**. Hier geniet ons 'n teestop en gaan dan voort met ons terugtog, huiswaarts.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer bevestig

Ingesluit: Ontbyt en aandete by oornagpunte asook potjiekos by Dag 2, alle toegangsgelde, ervare gids, puik akkommodasie, fooitjies en luukse vervoer vir maksimum 16 mense.

Uitgesluit: Middagetes en drankies.

Prys: R7 500 pp wat deel. R850 enkelbybetaling

Kontak: Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za